# DIE ERVARING VAN KINDERSORGWERKERS SE OPVOEDINGSROL IN 'N PLEK-VAN-VEILIGHEID

**Freda Spang**
MEd(OS) student, Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria
fspang@telkomsa.net

**Heila Prinsloo**
Senior Lektor, Departement Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria
heila.prinsloo@up.ac.za

## ABSTRACT

*The research aimed to explore and describe the experiences of child care workers in their role as educators at a place of safety, in order to gain a better understanding of what they see as their educational task and the difficulties they experience in executing this task. This qualitative case study was approached from the interpretative paradigm. Five child care workers were engaged in individual interviews and 5 others in a focus group discussion. According to the research results it seems that child care workers have a basic understanding of what education entails and show understanding for the needs of the children in their care. Nonetheless, some aspects were identified in which they need training and support. It also became clear that the way the institution was managed, left child care workers dissatisfied, which led to feelings of passivity, negativity, demotivation and a vengeful attitude.*

**Key words:** child care worker; children in need of care; the needs of children; behaviour of children in a place of safety; contributing factors to quality education; educational psychology

**INLEIDING**

Kinders is afhanklik van ander vir versorging en beskerming wat hulle weerloosheid vergroot. Die opvoeding van kinders is dikwels weens verskeie redes ontoereikend. Een van die redes is dat die primêre opvoeders (naamlik die ouers) nie in staat is om die opvoedingstaak toereikend te voltrek nie. Sou daar redelike gronde bestaan om te glo dat die kind se versorging in sy ouerhuis sy veiligheid en welsyn bedreig, kan 'n kommissaris van kindersorg volgens die Gewysigde Kinderwet (Wet 41 van 2007) magtiging gee om die kind uit sy huidige omstandighede te verwyder.

Wanneer die kind uit die problematiese omstandighede verwyder is, word hy tydelik in 'n plek van veiligheid gehuisves, hangende finale plasing soos deur die kinderhof aanbeveel. Indien die kind nie by 'n gesin nie, maar by 'n instansie geplaas word as plek van veiligheid, is dit die verantwoordelikheid van die personeel om sy opvoeding tydelik te behartig. Dit is belangrik dat die opvoeding wat die kindersorgwerkers in die instansie aan die kind bied gedurende die intervensie tydperk, 'n beter kwaliteit opvoeding is as wat hy tot dusver ontvang het, sodat die kind sy persoonsmoontlikhede meer toereikend kan aktualiseer.

Die effek wat vorige opvoedingsverhoudinge op die kind gehad het, moet in gedagte gehou word wanneer met die kind omgegaan word, sodat die opvoedingstekorte van die kind opgehef kan word. Wysiging van die ongunstige betekenisse wat die kind aan homself en sy wêreld kon toeken op grond van die ontoereikende opvoedingsituasie waarin hy homself voorheen bevind het, word deur Shiendling (1995) as die primêre intervensietaak van kindersorgwerkers in 'n plek van veiligheid beskou.

De Kock (1999:31) beskou die taak van die kinder-en jeugsorgwerker (kindersorgwerker): "…as that includes the physical, emotional and educational care of the child, within the life space of the child, in various situations, whether in the school, community or institution relationship. This care must contribute to the sound development of the child as a balanced adult." Volgens Moses (2000) is kindersorgwerkers die primêre terapeute in residensiële instansies, omdat die kontak tussen hulle en die kinders hulle in 'n gunstige posisie plaas om 'n verhouding te bewerkstellig waarin die doelwitte van die instansie se behandelingsplan gefasiliteer kan word. Deur die ingesteldheid en gedrag wat die kindersorgwerkers teenoor die kind openbaar, behoort sy aan hom te kommunikeer dat nie alle volwassenes in die wêreld hom te na gaan kom nie, maar dat daar wel diegene is wat sy belange op die hart dra en wat in staat is om hom toereikend te ondersteun.

Kindersorgwerkers het in hulle dienslewering die meeste direkte kontak met die kinders. Navorsing wat gedoen is aangaande die wyse waarop kindersorgwerkers hulle taak uitvoer, asook die karaktereienskappe van kindersorgwerkers wat optimale versorging bevorder, toon 'n direkte verband tussen die personeel se gedrag en die gedrag van die kind (Moses, 2000). Kindersorgwerkers se onmiddellike en kumulatiewe reaksie op 'n kind se gedrag speel 'n groot rol in die vorming van die kind se persepsie van homself en die wêreld en het 'n noemenswaardige invloed op die kinders se gunstige gedragsverandering (Shiendling, 1995). Nunno, Holden en Leidy (2003) merk tereg op dat kindersorgwerkers gespesialiseerde kennis en vaardighede benodig om aggressiewe en uitreagerende gedrag van kinders in hulle sorg te bestuur of selfs te voorkom, omdat die verhoudinge tussen die kindersorgwerkers en kinders die basis vorm vanwaar die kind se opvoedingsnood opgehef kan word. De Kock (1999) se navorsingsbevindinge ondersteun die stelling.

Die kind betree die plek van veiligheid met negatiewe ervaringsbesit wat voortspruit uit die blootstelling wat hy gehad het aan opvoeders se ontoereikende optrede. Die kind se persoonsvoltrekking ly as gevolg hiervan skade, en dit rig 'n besondere appèl tot die volwassene wat hom verder moet begelei. Rosenfeld en Wasserman (Shiendling, 1995) stel dat mishandelde kinders 'n negatiewe persepsie van hulself en volwasse outoriteitsfigure het. Daarom baseer kinders in 'n plek van veiligheid hulle gedrag op die vooropgestelde idee dat geen volwassene betroubaar is nie, net soos die met wie hulle tot dusver te doene gehad het. Hulle probeer gedurig om dit (wetend of onwetend) te bewys (Braxton, 1995).

Braxton (1995) meen dat die versorging van kinders in 'n plek van veiligheid 'n veeleisende en uitdagende taak is en meer as 'n blote bereidwilligheid en verbintenis tot die taak verg. Die uitdagings wat dié taak op fisieke en emosionele vlak aan kindersorgwerkers bied, bring mee dat hulle toereikend opgelei en ondersteun moet word. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) bevestig dit in Hoofstuk 8 (49)(f). Braxton (1995:28) het die volgende voorstel gemaak: "The place to begin is with doing an assessment of the staff to find out what they consider as the strengths and weaknesses of their program. They can also be invited to suggest ways the program can be improved."

McDonnell en Simpson (1994) meen dat die mees effektiewe wyse om die kwaliteit versorging wat kinders ontvang te verhoog, is om die werksatmosfeer van kindersorgwerkers te verander. Die volgende faktore is bydraend tot die mate waartoe kindersorgwerkers die atmosfeer waarin

hulle werk bevredigend vind al dan nie (McDonnell et al., 1994; Schmid en Bar-Nir, 2000):

- Gevoel van prestasie en sukses
- Salaris
- Supervisie
- Mate van onafhanklike besluitneming *("Autonomity")*
- Verhoudings tussen personeel
- Verhoudings tussen personeel en kinders
- Die wyse waarop die instansie bestuur word

'n Positiewe bydrae tot die kwaliteit van opvoeding wat die kinders in 'n plek van veiligheid ontvang, kan slegs gelewer word wanneer die kennis en vaardighede van die kindersorgwerker met betrekking tot haar rol as opvoeder, objektief geëvalueer word en bepaal word ten opsigte van watter aspekte sy ondersteuning verlang. Eers dan kan die funksionering (van die individuele kindersorgwerker en gevolglik van die instansie) aangepas word om in beide die kindersorgwerkers en kinders se behoeftes te voorsien en toereikende kinderopvoeding daar te stel.

Die doel van hierdie navorsing was om die ervaringe van kindersorgwerkers in 'n plek van veiligheid in hulle rol as opvoeders te verken en te beskryf. Dit wat die kindersorgwerkers as hulle verantwoordelikheid teenoor die kinders in hulle sorg beskou, is ondersoek. Daar is vasgestel in watter areas met betrekking tot die uitvoering van hulle opvoedingstaak, die kindersorgwerkers ondersteuning verlang. Na aanleiding van die resultate is die eise wat dié besondere opvoedingsopgaaf aan die kindersorgwerkers stel, asook versperrings wat na hulle mening as bydraend tot die kwaliteit van die uitvoering van hulle opvoedingstaak beskou word, geïdentifiseer.

Die primêre navorsingsvraag is soos volg gestel: **Wat is die ervaringe van kindersorgwerkers in hulle rol as opvoeder van kinders in 'n plek van veiligheid?** Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord is die volgende newe vraagstellings ondersoek:

- Wat beskou kindersorgwerkers as hulle taak as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid?
- Watter vereistes stel die taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid?
- Wat ervaar kindersorgwerkers as bydraende faktore tot die wyse waarop hulle die taak as opvoeder uitvoer?

**Navorsingsontwerp**

Navorsingsgesitueerdheid

Die instansie waar die navorsing gedoen is, is 'n plek van veiligheid in Tshwane wat onder die beheer van die Departement Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling staan. Kinders van alle rassegroepe wat op grond van kinderhofverrigtinge van hulle ouers of voogde verwyder is vanweë beweerde sorgbehoewendheid, mishandeling of wangedrag is hier gehuisves hangende finale plasing soos wetlik deur die kinderhof aanbeveel. 'n Kind se verblyf in die plek van veiligheid is gemiddeld ongeveer 4 maande alvorens hy uitgeplaas word na 'n kinderhuis, pleegouers, biologiese ouers of elders.

Die instansie is geïdentifiseer op grond van die bekendheid aan die navorser en die maklik bereikbare geografiese ligging. Die instansie word as geskik beskou om die volgende redes:

- Die natuurlike omgewing van die deelnemers het as die veld waarin kwalitatiewe navorsing gedoen is, gedien, soos aanbeveel deur Durrheim en Terre Blanche, (2002).
- Na bewering het daar oënskynlik 'n lae moraal onder die personeel wat werksaam is by die instansie, geheers.
- Volgens die etiese kode van die instansie word gestreef na uitnemende dienslewering en was dit duidelik dat personeel wat hier werksaam is hulself bereid verklaar het om hulle eie praktyke krities te analiseer (Plek van veiligheid aanbieding, 2003).

Deelnemers

Met die oog op sinvolle bevindinge is die steekproef na aanleiding van die doelgerigte steekproefnemingsmetode ("purposive sampling") saamgestel (Ritchie en Lewis, 2003; Leedy en Ormrod, 2001). Kindersorgwerkers by die bepaalde plek van veiligheid is op grond van hulle ervaring in die rol van opvoeders, geselekteer om aan individuele onderhoude deel te neem, en vyf ander kindersorgwerkers het aan 'n fokusgroep deelgeneem waartydens die navorser se bevindinge en afleidings wat uit die voorafgaande onderhoude gemaak is, voorgelê is vir bespreking. Onderhoude en die fokusgroep het gedurende werksure in die werkplek geskied. Deelnemers is volgens beskikbaarheid in terme van tyd en werkslading op die spesifieke tydstip geselekteer, sodat dit die minste ontwrigtend vir die kindersorgwerker en die instansie sou wees en die kindersorgwerker haar onverdeelde aandag aan die gesprek kon gee. Onderhoude is in geskikte lokale gevoer wat privaatheid

aan die navorser en deelnemer kon bied (Terre Blanche en Kelly, 2002; Leedy et al., 2001).

Die kriteria vir die samestelling van die steekproef moes persone insluit wat verteenwoordigend is van:

- Beide die seuns- en dogtersafdeling: 50% van die deelnemers was afkomstig van die dogtersafdeling; 30% van die seunsafdeling; 20% van die kleuterafdeling.
- Albei geslagte: 10% van die deelnemers was manlik en 90 % vroulik.
- Verskillende tydperke werksaam by die instansie: die tydperk wat die onderskeie deelnemers by die instansie werksaam was, wissel van tussen een en sestien jaar. Die gemiddelde dienstydperk was ongeveer ses en 'n half jaar.
- Werkers uit verskillende skofte.
- Werkers uit verskillende kulture: 30% van die deelnemers was blank en 70% het deel gevorm van swart kulture.

Data insamelingsstrategieë

Terre Blanche et al (2002) beskryf onderhoude as 'n ontmoeting waar die navorser en die deelnemer mekaar beter leer ken en die navorser 'n geleentheid kry om die deelnemer se gevoelens, gedagtes en ervaringe te verken. Met behulp van onderhoude kan bruikbare inligting bekom word (Leedy et al., 2001; Schurink, 1998). Tydens hierdie navorsing studie is gebruik gemaak van **ongestruktureerde onderhoude met 'n skedule** (Terre Blanche et al 2002). Die skedule het as riglyn gedien vir die navorser om te verseker dat die relevante onderwerpe, vrae en temas tydens elke onderhoud bespreek is. Terselfdertyd het dit bygedra tot 'n sistematiese proses van inligtingversameling (Schurink, 1998).

Vrae met betrekking tot die kindersorgwerkers se agtergrond, opinies, gedrag, gevoelens, kennis en motivering wat verband hou met die vervulling van hulle rol as opvoeder, is in die onderhoude ingesluit om aan die navorser die geleentheid te bied om die subjektiewe ervaringe van die kindersorgwerkers soos deur hulle beskryf, in konteks te verken. (Silverman in Leedy et al., 2001; McMillan et al., 2001). Uit die aard van ongestruktureerde onderhoude was die gesprek aanpasbaar en het dit daarom bruikbare inligting opgelewer waarvoor die navorser nie vooraf beplan het nie (Leedy et al., 2001). Elke onderhoud het gemiddeld honderd minute geduur.

Na afloop van die individuele onderhoude is 'n **fokusgroepbespreking** gehou. 'n Fokusgroep kan beskryf word as 'n doelgerigte gesprek van

bepaalde onderwerpe en verwante temas wat plaasvind tussen 'n aantal persone met 'n gemeenskaplike agtergrond en belange (Schurink, Schurink en Poggenpoel, 1998). McMillan en Schumacher (2001:413) stel dat "when the findings depend on a few key informants, researchers may conduct formal confirmation data collection activities, such as a survey, focus groups, and in-depth interviews with informationrich individuals not selected originally." Die fokusgroep het bestaan uit vyf kindersorgwerkers wat nie aan die individuele onderhoude deelgeneem het nie. Tydens die fokusgroep het die navorser die temas wat vanuit die individuele onderhoude geïdentifiseer is, aan die lede van die groep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Die fokusgroep is in die kindersorgwerkers se werksomgewing gehou op 'n tyd wat die minste ontwrigtend vir die uitvoering van hulle pligte was en het ongeveer honderd en vyftig minute geduur.

Aangesien die onderhoude in die kindersorgwerkers se werksomgewing plaasgevind het, was daar ook vir die navorser geleentheid om terloopse observasies met betrekking tot die verhoudinge tussen die kindersorgwerkers en kinders, te maak. Tydens en na elke onderhoud is notas oor die navorser se indrukke en waarnemings gemaak. Daar is ook gereflekteer oor die verloop van die navorsingsproses in geheel. Sodoende het die navorser deurentyd sensitief gebly vir eie subjektiwiteit wat 'n invloed op die resultate van die studie kon uitoefen.

Data-analise

Die data-analise is gedoen deur die inhoud van die onderhoude en fokusgroep te analiseer. Inhoudsanalise word deur Leedy et al., (2001:114) beskryf as "a detailed and systematic examination of a particular body of material... for the purpose of identifying patterns, themes, or biases within that material." Die analise van data het in fases geskied soos uiteengesit deur Creswell (2003):

Fase 1: Gesprekke tydens die fokusgroepe en onderhoude is vanaf die kassette getranskribeer en getik. Veldnotas en observasies is getik.

Fase 2: Die rou data is verskeie kere deurgewerk en daar is oor die inhoud en betekenis gereflekteer om te bepaal wat die betekenis en bruikbaarheid van die data is. Ervarings en betekenisse wat na vore gekom het, is aangeteken (vergelyk Leedy et al., 2001; McMillan et al., 2001).

Fase 3 en 4: Uit die ervaringe en betekenisse soos in fase 2 aangeteken, is temas geïdentifiseer en elk met die mees beskrywende terme benoem of omskryf. Die konteks en die deelnemers, asook die temas vir analise, is in detail beskryf (vergelyk Creswell, 1998; Leedy et al., 2001; McMillan et al., 2001).

Fase 5 en 6: Die data is geïnterpreteer. Na aanleiding van die aard van die resultate is besluit om die data met behulp van aanhalings en gedetailleerde beskrywings weer te gee.

(Fase 3 en 4, asook fase 5 en 6 word onderskeidelik saamgevoeg omdat die aktiwiteite in elke afsonderlike fase baie nou met mekaar verband hou en as 'n eenheid hanteer is).

Interpretasie

Leedy et al., (2001) beskryf die interpretasie van data as die transformasie van inligting tot eenhede van ontdekking, onthulling, en verheldering. Deur die interpretasie van die data wat aan die hand van die onderhoude en fokusgroep ingesamel is, het die kindersorgwerkers aan die navorser verduidelik wat hulle as hulle opvoedersrol beskou, hoe hulle dit ervaar, wat hulle as uitdagings in die uitvoering van die opvoedingstaak sien en op watter terreine hulle ondersteuning verlang.

Henning (2004) maak die navorser daarop attent dat die onderhoudsgesprek as verteenwoordigend van die persoon, baie kompleks is. Dit is belangrik om tydens interpretasie daarvan elke antwoord in konteks te beskou en op te let na versteekte boodskappe. Tydens opleiding as opvoedkundige sielkundige is die navorser daarin geskool om deur middel van analisering en interpretasie van 'n persoon se subjektiewe ervaringe 'n dieperliggende boodskap te identifiseer.

## Resultate

Die resultate word vervolgens aan die hand van die navorsingsvrae bespreek:

- **Wat beskou kindersorgwerkers as hul taak as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid?**

Die kindersorgwerkers het hulle primêre opvoedingstaak van kinders in 'n plek van veiligheid, beskryf as om na die kinders om te sien, daarom behoort hulle ten alle tye in belang van die kind op te tree. Hulle het die aanspreek van die kinders se behoeftes op fisieke en emosionele vlakke asook die aanleer van basiese lewensvaardighede as sentrale opvoedingstaak gesien. Aspekte soos toesighouding oor die kinders se aktiwiteite, gereelde skool-bywoning en dissiplinering is ook ingesluit.

Diè opvoedingstaak is deur die kindersorgwerkers as emosioneel dreinerend en fisiek uitputtend beskryf. Sommige deelnemers het te kenne gegee dat hulle aanvanklik nie voorbereid was op die uitdaging wat op hulle gewag het

nie, maar hulle het mettertyd vaardighede aangeleer om by die omgewingseise aan te pas.

Die deelnemers was daarvan oortuig dat 'n kind se agtergrond en/of gedrag nie noodwendig aanduidend is van wie hy as persoon is nie en dat onvoorwaardelike aanvaarding van die kind noodsaaklik is. Empatie is as grondvoorwaarde vir die begryping van die kind en sy wêreld beskou. ‘n Doelwit van die kindersorgwerkers was om vir die kinders ‘n ruimte te skep waarbinne hulle uitdrukking aan hulle emosies kon gee, omdat hulle ervaar dat die kinders se gedrag daardeur verbeter word. Die kindersorgwerkers het insig getoon in die feit dat hulle voorlewing vir die kinders as maatstaf van positiewe rolmodelle dien. Hulle eie ervaringe as ouers is ook as betekenisvol geag.

Deelnemers was van mening dat die verhouding tussen 'n kindersorgwerker en 'n kind altyd professioneel moet bly. Hulle het onderskeid getref tussen om *lief te wees* vir 'n kind en om vir hom *om te gee* ten einde te verhoed dat die kindersorgwerker en die kind emosioneel seer kry wanneer die kind die instansie verlaat.

Besluitneming aangaande die kind en sy toekoms, in samewerking met 'n multidissiplinêre span is deur die kindersorgwerkers onderskryf. Hulle motiveer dit op grond van die baie tyd wat hulle met die kind spandeer en daarom die kind moontlik beter ken as personeel van ander dissiplines. Die kindersorgwerkers word egter nie by die betrokke instansie betrek in ‘n multidissiplinêre span nie. Die kindersorgwerkers voel dat hulle kennis en begrip van die kinders misken word.

- **Watter vereistes stel die taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid aan kindersorgwerkers?**

Die kindersorgwerkers het dit as hulle taak beskou om in die kinders se behoeftes op fisieke, emosionele en sosiale vlak te voorsien. Benewens die fisieke behoeftes, openbaar die kinders op emosionele vlak, behoefte aan liefde, warmte, en aandag. Die kindersorgwerkers poog ook om die kinders in hulle sorg te leer ken ten einde tot begrip van die kind en die ervaring van sy wêreld te kom. As voorwaarde hiervoor het hulle verhoudingstigting en -instandhouding met die kind as fundamenteel beskou. Begryping van die kind se verbale en nie-verbale boodskappe het vir die kindersorgwerkers beter insig van die kind gegee. Informele gesprekke en eerlikheid is as noodsaaklik beskou.

Fisieke en emosionele beskikbaarheid vir die kinders is as moontlikheidsvoorwaarde vir wedersydse ken van mekaar uitgewys. Deur saam met die kinders aan aktiwiteite deel te neem en hulle gedrag te observeer, bied aan kindersorgwerkers die geleentheid om kinders te leer ken.

Die kindersorgwerkers het begrip getoon vir die agtergrond waaruit 'n kind kom en die invloed wat die ouers se voorlewing op sy ontwikkeling en gedrag het. Die kindersorgwerkers sou graag meer inligting aangaande elke kind se agtergrond wou bekom om sodoende effektiewe ondersteuning te bied. Hulle het ook voorgestel dat ouers meer betrek en ondersteun moet word en het uitgewys dat versorgers en kinders mekaar se kulturele gewoontes behoort te verken en aanvaar.

Die kindersorgwerkers het die mening gehuldig dat dissiplinering van die kinders nie 'n straf nie, maar eerder 'n leergeleentheid is. Die kindersorgwerkers beskou dissiplinering as suksesvol wanneer dit 'n positiewe verandering in die kind se gedrag teweeg gebring het en die kind die gevolge van sy daad begryp. Verskillende metodes van dissiplinering word deur die kindersorgwerkers toegepas, byvoorbeeld: 'n "booking"-sisteem asook detensie wanneer die kind nodig het om in afsondering te kalmeer. Deur met die kind te gesels oor wat verkeerd geloop het, is deur die deelnemers as die mees effektiewe metode uitgewys. Daar was nie konsensus oor die mate waartoe dissipline konsekwent by die instansie toegepas word nie. Deelnemers was van mening dat kinders riglyne oor wat aanvaarbare gedrag is, nodig het en het duidelik uiteengesette reëls verlang waarby die gevolge van elke oortreding uitgespel is. Dit sal aan beide kinders en kindersorgwerkers riglyne ten aansien van konsekwente dissiplinering bied.

- **Wat ervaar kindersorgwerkers as bydraende faktore tot die wyse waarop hulle die taak as opvoeder uitvoer?**

Kindersorgwerkers se ervaring is dat hulle persoonlike lewe dikwels 'n invloed het op die wyse waarop hulle teenoor die kinders reageer. Die teendeel is egter ook waar: die psigies uitputtende werk as kindersorgwerkers beïnvloed ook hulle persoonlike lewe en hulle familielede toon nie altyd begrip vir hulle werkomstandighede en -eise nie. Die kindersorgwerkers het die verhouding van die aantal kinders teenoor die aantal kindersorgwerkers as te groot beskou om hulle taak na behore te kan uitvoer.

Die algemene gevoel onder deelnemers was dat verhoudinge tussen personeel in die instansie ongunstig is. Swak kommunikasie, jaloesie, wantroue en ongeduld is deur deelnemers as bydraende faktore geïdentifiseer. Die

vertolking van die onderskeie rolle wat elkeen in die instansie moet vervul, skep verwarring. Die kindersorgwerkers het hul tevredenheid met die skofte wat hulle werk en die salaris wat hulle verdien uitgespreek.

Die kindersorgwerkers het 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die wyse waarop die instansie bestuur word, openbaar. Hulle het die bestuurstyl as outokraties, rigied en onbuigsaam beskryf en was van mening dat hulle nie deel het aan besluitnemingsprosesse nie. Die kindersorgwerkers het ervaar dat hulle deur die bestuur van die instansie as onbekwaam en onverantwoordelik in die uitvoering van hulle taak beskou word en nie erkenning kry vir goeie werk nie, maar dat daar meestal net op negatiewe aspekte gekonsentreer word. Hulle het 'n behoefte aan 'n groter mate van ondersteuning deur die bestuur openbaar en 'n groter mate van outonomiteit verlang. Hulle was van mening dat hulle bekwaam en verantwoordelik genoeg is om soms self besluite te neem en dat dit demotiverend is wanneer die bestuur aan hulle voorskryf wat om te doen.

Die kindersorgwerkers sou graag supervisie wil ontvang, waar aan hulle die geleentheid gegun word om in 'n veilige omgewing oor hulle ervaringe te reflekteer en leiding deur 'n meer ervare persoon in die veld van kinderversorging ontvang.

Die kindersorgwerkers het die mening gehuldig dat te veel vergaderings gehou word en dat hulle werk gevolglik agter raak. Dit blyk dat hulle nie persoonlike opinies lug of hulle ervaringe in vergaderings deel nie, omdat hulle bang is vir viktimisasie. Bogenoemde ervaringe kulmineer in gevoelens van frustrasie.

**Bevindinge ten opsigte van die gedrag van die kinders**

Die kindersorgwerkers ervaar dat die kinders in hulle sorg gedurig die grense vir aanvaarbare gedrag toets deur uitdagende optrede. Die kinders openbaar aandagsoekende gedrag wat van die kindersorgwerkers vereis om te identifiseer watter gedrag dringende aandag verlang. Kinders in die plek van veiligheid toon dikwels min respek vir die kindersorgwerkers. Hulle is jaloers op mekaar en verwag dat die kindersorgwerkers hulle eenders sal hanteer. Kinders uit verskillende agtergronde word saam in die versorgingsafdelings gehuisves wat daartoe aanleiding gee dat kinders negatiewe gedrag van mekaar aanleer. Aggressiewe en depressiewe gedrag kom ook dikwels voor en probleme ten opsigte van skool en skoolwerk is algemeen. Ander gedragsvorme wat die kindersorgwerkers by kinders teëkom is dwelmmisbruik, selfmutilasie en dros van die instansie.

**Bespreking**

Die kindersorgwerkers het begrip getoon vir die behoeftes van die kinders in hulle sorg. Hulle blyk oor die basiese kennis te beskik van wat hulle opvoedingstaak behels op grond van diè kinders se spesifieke behoeftes. Dit blyk dat die kindersorgwerkers hulle werk geniet en die kinders se belange op die hart dra. Hulle betrokkenheid by die kinders stel egter hoë eise aan hulle op fisieke en emosionele gebied. Die uitputting wat met dié taak gepaard gaan lei tot gevoelens van frustrasie by die kindersorgwerkers as gevolg van ‘n gebrek aan ondersteuning.

Die navorsingsresultate toon dat die kindersorgwerkers ervaar dat hulle as onbekwaam beskou word, wat gelei het tot gevoelens van magteloosheid en frustrasie. Die kindersorgwerkers was van mening dat hulle kennis en vaardighede as opvoeders nie erken is nie en dat personeel van ander departemente op hulle neergesien het. Daar is dus aan geen van die gestelde vereistes vir die ontwikkeling van 'n identiteit in die instansie, volgens Decker, Bailye en Westergaard (2002) voldoen nie, wat impliseer dat die kindersorgwerkers 'n mate van vervreemding en isolasie ervaar het. Dit lei tot konflik tussen lede van die groep en tot 'n swakker kwaliteit werk. In stede daarvan behoort die kindersorgwerkers te ervaar dat "…[they] belong together in some or other sense because of the common objectives which they collaboratively try to achieve… because their behaviour can influence each other and the extent to which they achieve their common objectives." (Swanepoel, Erasmus, Van Wyk en Schenk, 1998:87).

Die kindersorgwerkers se frustrasie met die werksomgewing blyk te lei tot passiwiteit, negatiwiteit, demotivering en 'n vergeldende ingesteldheid teenoor die bestuur van die instansie. Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat die kindersorgwerkers mekaar nie vertrou nie en onbuigsaam in hulle houdinge en oortuigings ten opsigte van die instansie is. Hierdie simptome word deur Freudenberger (in Decker et al., 2002) as kenmerkend van uitbranding beskou. Hy meen dat uitbranding 'n effek op die fisieke, geestelike en emosionele welstand van kindersorgwerkers het, wat kan lei tot ontoereikende uitvoering van die opvoedingstaak deur versorgers. Maslach et al. (in Azar, 2000) meen dat uitbranding verband hou met emosionele oorlading, "depersonalisation" en 'n afname in persoonlike prestasie. Die faktore wat die outeurs as kenmerkend van uitbranding beskryf, blyk ook by die meerderheid kindersorgwerkers voor te kom, veral ten opsigte van hulle houding teenoor die bestuur van die instansie, byvoorbeeld:

- Lae frustrasie toleransie en geïrriteerdheid;

- Aggressiewe reaksies;
- Die gevoel dat ander daarop uit is om hulle te na te kom;
- Openbaar rigiede denkpatrone, hardkoppigheid en onbuigbaarheid.

Die moontlikheid bestaan dat die kindersorgwerkers dit makliker gevind het om die blaam op die bestuur van die instansie te plaas as om te erken dat hulle opvoedingstaak die grootste bron van uitbranding was. Laasgenoemde sou die kindersorgwerkers moontlik laat voel het dat hulle nie opgewasse vir hulle opvoedingstaak is nie.

## AANBEVELINGS

### Vir praktykaanpassing in die instansie

- Alhoewel die kindersorgwerkers begrip toon vir wat hulle taak as opvoeders behels, behoort daar egter doelgerigte opleiding aan kindersorgwerkers gegee te word met betrekking tot aspekte waar die opvoedingspraktyk steeds verbeter kan word. Deur ‘n klemverskuiwing vanaf teregwysing van kinders na erkenning vir goeie gedrag behoort ‘n gunstige verandering in die kinders se gedrag mee te bring..
- Kindersorgwerkers behoort gereelde supervisie te ontvang om hulle te ondersteun en te lei in die uitvoering van die uitdagende taak van opvoeding van kinders in 'n plek van veiligheid. Geleentheid moet aan kindersorgwerkers gegun word om oor hulle opvoedingservaringe in 'n plek van veiligheid te reflekteer. Sodoende kan die kindersorgwerkers op individuele wyse begelei en ondersteun word.
- Die styl waarmee die instansie tans bestuur word, stem die kinder-sorgwerkers tot 'n houding van negatiwiteit en vergelding. Hierdie houding lei tot 'n afname in die werkskwaliteit van die kindersorg-werkers en gevolglik lei die kinders daaronder. 'n Ondersoek na die ervaringe van die bestuur en personeel in ander departemente behoort met die bevindinge van hierdie navorsing vergelyk te word met die oog op aanpassing van werkswyses van die bestuur in oorleg met die ervaringe van die kindersorgwerkers en die ander personeel. Soos vroeër genoem, beskou McDonnell et al., (1994) 'n verandering in die werksomgewing van die kindersorgwerkers as die mees effektiewe wyse om die kwaliteit versorging wat kinders ontvang, te verhoog.

### Vir verdere navorsing

Die volgende aanbevelings word ten opsigte van verdere navorsings in die veld gemaak:

- 'n Voortsetting van die studie waar al die personeel dit wat as bates in die instansie beskou word, sal identifiseer en wyses waarop dié bates gemobiliseer kan word om sodoende die versperrings in die uitvoering van die opvoedingstaak soos wat uit hierdie studie na vore gekom het, te oorkom.
- Navorsing aangaande die wyse waarop die kinders in die instansie die opvoeding wat hulle van die kindersorgwerkers ontvang, ervaar.
- Navorsing wat die effektiewe bestuur van 'n plek van veiligheid in besonderhede ondersoek.
- Navorsing wat die invloed van die kindersorgwerkers se eie ervaringe as kinders in die uitvoering van hulle opvoedingstaak ondersoek.

**BRONNELYS**

Azar, S.T. (2000). “Preventing burnout in professionals and paraprofessionals who work with child abuse and neglect cases: a cognitive behavioral approach to supervision.” *Psychotherapy in practise,* 56(5):643-663. (Onttrek op 13 Oktober 2005 vanaf EBSCOHOST.)

Braxton, Earl T. (1995). “Angry children, frightened staff: implications for training and staff development.” *Residential treatment for children & youth,* 2(1):25-33.

Creswell, J.W. (1998). *Qualitative inquiry and research design.* London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. (2003). *Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches* (2nd edition). California: SAGE Publications.

Decker, J.T., Bailye, T.L. and Westergaard, N. (2002). “ Burnout amongst child care workers”. *Residential treatment for children & youth,* 19(4):61-77.

De Kock, D. (1999). *Child and youth care and social auxiliary work as occupational groups in the field of social welfare.* Unpublished doctoral thesis, Rand Afrikaans University.

Durrheim, K. and Terre Blanche, M. (2002). *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: University of Cape Town Press.

Henning, E. (2004). *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Leedy, P.D. and Ormrod, J.E. (2001). *Practical Research: planning and design* (7th edition). Upper Saddle River, NJ: Merill.

McDonnel, W.A. and Simpson D. (1994). "Atmosphere assessment in residential treatment." *Residential treatment for children & youth,* 12(1):25-33.

McMillan, J.H. and Schumacher, S. (2001). *Research in education. A conceptual introduction* (5th edition). New York: Longman.

Moses, T. (2000). "Why people choose to be residential child care workers." *Child & Youth Care Forum,* 29(2):113-126.

Nunno, M.A., Holden, M.J. and Leidy, B. (2003). "Evaluating and monitoring the impact of a crisis intervention system on a residential child care facility." *Children and Youth Services,* 25(4):295-315.

*Place of Safety Presentation.* (2003).

Ritchie, J. and Lewis J. (2003). *Qualitative research practice: A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications.

Schurink, E.M. (1998). "The methodology of unstructured face to face interviewing." in De Vos, A.S. (Ed.), *Research at grass roots: a primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik Publishers, 297-312.

Schurink, W.J., Schurink, E.M. and Poggenpoel, M. (1998). "Focus group interviewing and audio-visual methodology in qualitative research." in De Vos, A.S. (Ed.), *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik Publishers, 313-333.

Schmid, H. and Bar-Nir, D. (2001). "The relationship between organisational properties and services effectiveness in residential boarding schools." *Children and Youth Services Review*, 23(3):243-271.

Shiendling. S. (1995). "The therapeutic diamond: a model for effective staff communication and intervention in residential treatment." *Residential treatment for children & youth*, 12(3):45-55.

Suid Afrika. (2008). *Gewysigde Kinderwet (No.41 van 2007).* Cape Town: Juta & Kie Beperk.

Suid Afrika. (1997). *Witskrif vir Maatskaplike Welsyn.*

Swanepoel, B.J., Erasmus, B.J., Van Wyk, M.W. and Schenk, H.W. (1998). *Human resource management.* South Africa: Juta & Co.

Terre Blanche, M. and Kelly, K. (2002). " Interpretive methods." in Terre Blanche, M.and Durrheim, K. *Research in practice. Applied methods for the social sciences.* Cape Town: University of Cape Town Press, 123-146.